# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**TENDER 8/3/33-2018 MN180/2018: REKENINGKUNDIGE DIENSTE VIR DIE PERIODE 01 JULIE 2019 TOT 30 JUNIE 2022**

**TENDERS** word hiermee ingewag van rekeningkundige dienste vir die opstel van jaarlikse begrotings vir die periode 01 Julie 2019 – 30 Junie 2022.

Tenders, in verseëlde koeverte en duidelik buite-op gemerk **"TENDER 8/3/33-2018: REKENINGKUNDIGE DIENSTE 2019-2022"**, moet in die tenderbus by die Munisipale Kantore, Kerkstraat 13, Piketberg geplaas word teen nie later nie as **12:00** op **Maandag 18 Februarie 2019** waarna tenders in die openbaar oopgemaak sal word.

Dokumente en spesifikasies is op aanvraag beskikbaar teen 'n **nie-terugbetaalbare tenderfooi van R750.00** by Me. Elorese Scholtz by tel. no. (022) 913 6000 of E-pos scholtze@bergmun.org.za gedurende kantoorure.Bewys van betaling is nodig wanneer dokument afgehaal word.Alle tegniese navrae moet gerig word aan Me. N. Bothma by Tel No (022) 913 6000 of E-pos: bothman@bergmun.org.za.co.za.

**'n Verpligte terreinsvergadering sal gehou word op Woensdag, 30 Januarie 2019 om 11h00 in die Biblioteeksaal te Piketberg.**

Tenders moet geldig en bindend wees vir negentig **(90) dae** na sluitingsdatum.

Tenders sal geëvalueer word ingevolge die Raad se Voorsieningskanaalbestuursbeleid, 80/20-punte stelsel. Dit is dus verpligtend om die Voorkeurverkrygingsvorm te voltooi om te kwalifiseer vir enige voorkeurpunte**. Pryse moet BTW insluit.**

Verskaffers moet geregistreer wees as 'n voornemende verskaffer op Nasionale Tesourie se Sentrale Databasis (SDB). Die Belastinguitklaringsertifikaat / Belasting ooreenstemmende status Pin / Sentrale verskaffersdatabasis (SDB) nommer (MAAA….), moet saam met die tenderdokument ingedien word. Nie-nakoming hiervan sal die uitslag van die tender ongeldig verklaar.

Slegs tenders wat in **swart** ink voltooi is op die oorspronklike dokumentasie sal aanvaar word. Laat, onvolledige of tenders ontvang per faks of e-pos, sal nie aanvaar word nie. Bewys van versending van 'n tender sal nie as bewys van ontvangs van 'n tender gesien word nie. Die Raad is nie verplig om die laagste of enige tender te aanvaar nie. Die Raad behou die reg voor om enige tender of gedeelte daarvan te aanvaar.

**MUNISIPALE KANTORE**
**KERKSTRAAT 13**
**POSBUS 60**
**PIKETBERG**
**7320**

**ADV HANLIE LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**MK180/2018**

**18 Januarie 2019**